Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

| |
|---|
| 30 |

# GRONDSLAGFASE

## GRAAD 3

## NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

PUNTE : 30

TYD : 1 uur / 60 minute

NAAM : ______________________

VAN : ______________________

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

*3AFFAL*

# INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die instruksies en vrae deeglik deur.
2. Beantwoord al die vrae op die vraestel.
3. Die onderwyseres sal die praktiese oefeninge met jou deurgaan voordat jy met die toets begin.
4. Die toets tel **30 punte.**
5. Die toets is **60 minute** lank **(1 uur).**

**Praktiese oefeninge:**

1. **Omkring die letter wat die korrekte antwoord bevat.**

   As die wind sterk waai en dit reën baie, noem ons dit ...

   A sneeu.

   (B) 'n storm.

   C 'n sonskyndag.

   Antwoord : B

2. **Omkring die korrekte voorsetsel tussen hakies.**

   Die muis hardloop ( deur / (**oor**) ) die pad.

   Antwoord : (oor)

**3. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.**

In die nag sien ons ...

| | |
|---|---|
| A | die son. |
| B | Mars. |
| C (X) | die maan en sterre. |

Antwoord : C (X)

**4. Nommer die sinne in die blokkies om die korrekte volgorde van die storie aan te dui. Nommer 1–4.**

Stappe hoe om ons hare te was.

| | |
|---|---|
| Maak hare droog. | 4 |
| Maak hare nat. | 1 |
| Spoel hare deeglik af. | 3 |
| Smeer sjampoe op hare en was. | 2 |

Antwoord : 4, 1, 3, 2.

In die toets wat volg, sal jy nog vrae soos hierdie kry om te beantwoord.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

Kopiereg voorbehou

**Lees die storie deeglik deur en beantwoord die volgende vrae.**

Hendrik Hasie kan nie slaap nie. Hy is baie bang. Hy hoor die wind waai baie sterk daar buite.


Hendrik Hasie steek sy koppie by die gaatjie uit. Hy sien die wind waai die bome heen en weer. Hendrik Hasie dink: "Hier kom 'n groot storm." Skielik sien hy 'n blits, toe nog een en nog een.

Met elke blits is daar ook 'n harde slag. Dit is donderweer wat rammel en raas. Hendrik Hasie word sommer nog banger. Hy knyp sy ogies styf toe. Hy wonder waar is sy twee beste maats, Oupa Uil en Mollie Muis. Hy wonder of hulle ook bang is.

Hy het gelê met sy ogies styf toe. Hy is bang, want as dit nou hard begin reën, gaan sy huisie wegspoel en hy gaan sopnat word.

Skielik besef hy dat dit doodstil is. Hy maak eers sy een ogie oop en toe die ander een. Die wind het gaan lê, die blitse is weg en die harde donderweer het opgehou.

Hendrik Hasie weet nou dat hy rustig kan gaan slaap, want die storm is verby en hy is veilig.



Kopiereg voorbehou 

**1. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.**

1.1 Kies die beste titel vir die storie.

| | |
|---|---|
| A | Hendrik Hasie is bang vir die storm. |
| B | Oupa Uil slaap rustig. |
| C | Hendrik Hasie is vrolik. |

(1)

1.2 Wie is Hendrik Hasie se twee maats?

| | |
|---|---|
| A | Oupa Uil en Bettie By |
| B | Sipho Skoenlapper en Mollie Mol |
| C | Mollie Muis en Oupa Uil |

(1)

**2. Dui die volgorde van die gebeure in die storie aan. Nommer die sinne 1–4 in die blokkies om die regte volgorde aan te dui.**

| | |
|---|---|
| Hy knyp sy ogies styf toe. | |
| Hendrik Hasie kan nie slaap nie. | |
| Skielik besef hy dat dit doodstil is. | |
| Dit is donderweer wat rammel en raas. | |

(1)

Kopiereg voorbehou

3. **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1 Voltooi die volgende sin:

Hy sien die wind waai die bome

______________ en ______________ . (1)

3.2 Antwoord in 'n vol sin.

Wat sal gebeur as dit hard begin reën?

______________________________________________

______________________________________________ (1)

4. **Omkring die korrekte voorsetsel tussen hakies.**

4.1 Oupa Uil sit ( in / teen ) die boom. (1)

4.2 Mollie Muis kyk ( aan / na ) die blitse. (1)

5. **Skryf die sin oor en vul die hoofletters, punte en vraagtekens in.**

5.1 was hendrik Hasie baie bang

______________________________________________ (3)


5.2 Maak 'n kruisie **(x)** in die blokkie met die regte leestekens.

| | |
|---|---|
| "Help, my huisie gaan wegspoel, skree Hasie!" | |
| "Help, my huisie gaan wegspoel!" skree Hasie. | |

(1)

Kopiereg voorbehou 

6. Bestudeer die prentjie en maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.



6.1 Die uil en voëltjie sit ...

| | |
|---|---|
| A | in die lug. |
| B | in die boom. |
| C | op die grond. |

(1)

6.2 Watter diertjie is op die grond?


| | |
|---|---|
| A | 'n Voëltjie |
| B | 'n Uil |
| C | 'n Muis |

(1)

**7. Vul die korrekte klanke in die spasies wat by die prentjies pas:**


| eeu | bl | rm |
|---|---|---|

7.1




| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | a | a | r |

7.2



| | | | |
|---|---|---|---|
| w | u | | |

7.3



| | | | |
|---|---|---|---|
| l | | | |

(3)

**8. Kyk na die prentjie en vul die woordjie in.**

8.1 Die man het sy een  ____________________ verloor. (1)

8.2 Daar is baie kleurvolle  ____________________ in my tuin. (1)

**9. Omkring die letter langs die korrekte antwoord om die sin waar te maak.**

| | |
|---|---|
| A | Winter kom na lente. |
| B | Winter kom na somer. |
| C | Winter kom na herfs. |

(1)


**10. Onderstreep die korrekte meervoud.**

Die wind waai die ( blarre / blare ) rond. (1)

**11. Trappe van vergelyking : Vul die korrekte vorm in.**

Oupa Uil is **bang**, Hendrik Hasie is **banger**, maar Mollie Muis is die **bang**_ _ _ _ . (1)

**12. Die grafiek wys hoeveel diertjies was bang vir die storm. Beantwoord vraag 12.1 en 12.2**




12.1 Hoeveel voëltjies was bang vir die storm?

_______________________________________________ (1)

12.2 Voltooi die sin:

Die ________________ is die meeste diertjies wat bang was vir die storm. (1)

**13. Skryf die sin oor in die Verlede Tyd.**

Die hasie sit in sy gaatjie.

**Gister** _______________________________________ (1)

**14. Skryf die sin oor in die Teenwoordige Tyd.**

Daar was baie blitse en donderweer.

_______________________________________________ (1)

15. **Kyk na die prentjie en skryf een paragraaf van ten minste 4–6 sinne waarom jy nie van 'n boelie hou nie.**

Maak seker jy gebruik die korrekte taal-, spelling- en leestekens.

Moenie jou sinne nommer nie.



| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

(5)

**TOTAAL: 30**

Kopiereg voorbehou